GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2023

# GRAAD 10

**EKONOMIE**

**VRAESTEL 1**

**TYD:** 1½ uur

**PUNTE:** 100

**10 bladsye**

EXEMPLAR

b.o.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord DRIE vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord EEN van die twee vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste nommer oorskry, sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

EXEMPLAR

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **20 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hulpbronne word … in die produksieproses genoem.

A uitsette
B finale goedere
C interne goedere
D insette

1.1.2 Goedere wat skaars is en waarvoor mense bereid is om te betaal, staan bekend as ...

A gratis goedere.
B ekonomiese goedere.
C openbare goedere.
D meriete goedere.

1.1.3 Die buitelandse sektor voer finale goedere in en uit vanaf die … mark.

A faktor
B buitelandse valuta
C produkte
D finansiële

1.1.4 Watter van die volgende is ’n voorbeeld van ’n dienstesektor?

A Bankwese
B Konstruksie
C Mynbou
D Boerdery

1.1.5 ’n Ekonomiese aanwyser wat ons iets oor ’n gebeurtenis vertel nadat dit gebeur het, word ’n ... aanwyser genoem.

A leidende
B sloerende
C saamgestelde
D voorval (5 x 2) (10)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.7 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Internasionale Ekonomie | A Wanneer 'n besigheid fokus op die produksie van een produk of diens |
| 1.2.2 Relatiewe skaarsheid | B Die tydperk van baie hoë ekonomiese aktiwiteit net voor die ekonomie verlangsaam |
| 1.2.3 Reële vloei | C Die tipe goedere wat gebruik word om ander goedere en dienste te produseer |
| 1.2.4 Spesialisasie | D Wys ons wat met die ekonomie gebeur het |
| 1.2.5 Intermediêre goedere | E Wanneer 'n produk of diens beskikbaar is, maar jy nie die hulpbronne het om dit te bekom nie |
| 1.2.6 Voorspoed | F 'n Tak van ekonomie wat die handel en finansies tussen lande regoor die wêreld bestudeer |
| | G Die beweging van goedere en dienste en produksiefaktore onder die deelnemers aan die ekonomie |

(6 x 1) (6)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 'n Benadering tot Ekonomie wat die vrye-markekonomie as onstabiel van aard beskou

1.3.2 'n Wet wat geïmplementeer is om eienaarskap en bestuur in bestaande besighede en nuwe besighede deur voorheen benadeelde groepe te bevorder

1.3.3 'n Sektor wat goedere en dienste teen 'n laer of geen prys aan huishoudings verskaf nie

1.3.4 Die fasiliteite wat voorsien word om te verseker dat ekonomiese aktiwiteite kan plaasvind, byvoorbeeld, paaie, lughawens en telefoonlyne(4 (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

EXEMPLAR

## AFDELING B

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Antwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE wetenskaplike vakke wat met Ekonomie verband hou. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom bevorder die regering menseregte? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.




**[Eie bron]**

2.2.1 Wie het 'n positiewe stelling in die illustrasie hierbo gemaak? (1)

2.2.2 Gee EEN ander voorbeeld van 'n positiewe stelling in Ekonomie. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *Ekonomie.* (2)

2.2.4 Waarom is die opmerkings van ekonome meestal normatiewe stellings? (2)

2.2.5 Hoekom is dit moeilik om navorsing in Ekonomie te doen? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE** | **2021 (miljoen rand)** |
|---|---|
| Primêre Sektor | 631 848 |
| Sekondêre Sektor | 1 037 270 |
| Tersiêre Sektor | 3 894 359 |
| **BWT TEEN BASIESE PRYSE** | ***2.3.5 ?*** |
| Belasting op produkte | 658 188 |
| Subsidie op produkte | 15 412 |
| **BBP TE MARKPRYSE** | **6 206 253** |

2.3.1 Identifiseer die metode wat gebruik word om BBP in die tabel hierbo te bereken. (1)

2.3.2 Gee EEN voorbeeld van belasting op produkte. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *bruto binnelandse produk*. (2)

2.3.4 Hoekom word subsidies afgetrek wanneer die BBP teen markpryse bereken word? (2)

2.3.5 Bereken die Bruto Toegevoegde Waarde teen basiese pryse. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.4 Onderskei tussen *mikro-ekonomie* en *makro-ekonomie*. (2 x 4) (8)

2.5 Waarom is buitelandse handel voordelig vir 'n land? (8)
**[40]**

EXEMPLAR


**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Antwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van hernubare natuurlike hulpbronne. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is ’n resessie ongewens vir die ekonomie? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende sirkelgrafiek en beantwoord die vrae wat vol




**[Bron: Statistiek SA]**

3.2.1 Identifiseer uit die diagram hierbo, die sektor wat die meeste bydra tot ekonomiese groei. (1)


3.2.2 Gee EEN voorbeeld van ’n industrie in die primêre sektor. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *produksie*. (2)

3.2.4 Verduidelik die verband tussen die primêre en sekondêre sektor. (2)

3.2.5 Waarom is die tersiêre sektor belangrik in die ekonomie? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit bron: www.*besigheidsinsider*.co.za]

3.3.1 Identifiseer die punt waarop ekonomiese aktiwiteit op sy hoogste is. (1)

3.3.2 Noem die ekonomiese aanwyser wat die algemene rigting toon waarin die ekonomie beweeg. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *sakesiklus*. (2)

3.3.4 Hoe word 'n volledige sakesiklus gemeet? (2)

3.3.5 Hoe kan die regering die totale vraag verlaag tydens 'n hoogtepunt in die sakesiklus? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen die *eksogene* en *endogene* redes vir veranderinge in die sakesiklus. (8)

3.5 Hoe spreek die regering omgewingsprobleme in die ekonomie aan? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

EXEMPLAR

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is 'n laer-orde reaksie.<br><br>● 'n Goeie beginpunt sal wees om die hoofkonsep wat verband hou met die vraag onderwerp te definieer.<br>● Moenie enige deel van die vraag by jou inleiding insluit nie.<br>● Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>● Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoof gedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Differensieer/Verduidelik | Maks. 26 |
| **Bykomende deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/ Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor | Maks. 10 |
| **Afsluiting**<br><br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br><br>● 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is te herhaal<br>● Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>● Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>● 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>● Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

EXEMPLAR

**VRAAG 4**

- Bespreek, met behulp van 'n diagram, die ekonomiese kringloop model van 'n oop ekonomie onder die volgende opskrifte:

    - Vloei
    - Inspuitings en lekkasies
    - Markte (26 punte)

- Evalueer die positiewe uitwerking van besparing op die ekonomie. (14 punte) **[40]**

**VRAAG 5**

- Bespreek, in detail, die effek van wisselende die sakesiklusse op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (26 punte)
- Hoe kan die regering die ekonomie tydens 'n resessie stimuleer? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

EXEMPLAR

**EINDE**